

**Vak:** Graad 6 Wiskunde**Onderwerp:** Wiskunde: Kwartaal 2 - Eksamen 1**Totaal:** 101 Punte**Naam:** _____**Datum:** _____**Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 1, 2**

D									
C									
B									
A									
	1	2	3	4	5	6	7	8	9

Vraag 1: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Die vorm geleë by 3, C is 'n ...

Vraag 2: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Die vorm by koördinate 8, B is 'n (1) .

Die vorm by koördinate 9, C is 'n (2) .

Opsies Is: agthoek | vierkant | reghoek | seshoek | sirkel

1	
----------	--

2	
----------	--

Vraag 3: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

 $\frac{a}{b}$ is 'n rasionale getal, solank 'a' en 'b' albei (1) getalle is. $\frac{a}{b}$ beteken ook 'a' gedeel deur 'b', daarom kan 'b' nie (2) wees nie.

Opsies Is: heel- | reë le | 'n breuk | nul

1	
----------	--

2	
----------	--



Vraag 4: Voltooi Die Ontbrekende


4 punte

Die desimale komma skei die (1) van die kleiner (2) .

Opsies Is: tiene | heelgetal | breukgedeelte | duisendstes

1	
----------	--

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 5**Vraag 5: Veelvuldige Keuse**

4 punte


Vind die waarde van die uitdrukking:

 $n + p$

A	3
B	4
C	1
D	5



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 6



Vraag 6: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

'n Silinder het (1) rante en (2) hoekpunte.

Opsies Is: 3 | 4 | 2 | 1 | 0

1	
----------	--

2	
----------	--


Vraag 7: Veelvuldige Keuse

4 punte

$2\frac{13}{20}$ as 'n desimale breuk is ...

- | | |
|----------|--------|
| A | 2, 13 |
| B | 2, 065 |
| C | 2, 013 |
| D | 2, 65 |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 8




Vraag 8: Veelvuldige Keuse

4 punte

'n Rhombus is 'n vorm wat ... gelyke sye het.

- | | |
|----------|---|
| A | 1 |
| B | 2 |
| C | 3 |
| D | 4 |

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 9



Vraag 9: Veelvuldige Keuse

4 punte

Bill het n albasters gekoop.

John het 23 albasters minder as Bill gekoop.

Hoeveel albasters het John gekoop?

- | | |
|----------|----------|
| A | $23 - n$ |
| B | $n + 23$ |
| C | 23 |
| D | $n - 23$ |

Vraag 10: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Vlug SA373 vertrek vanaf Port Elizabeth om 05:30 en land op Johannesburg om 09:25.

Die vlug stop 20 minute in Oos-London en 'n uur in Bloemfontein.

Die reis neem (1) en die werklike vlugtyd is (2)

Opsies Is: 2 ure 35 minute | 3 ure 00 minute | 5 ure 15 minute | 3 ure 55 minute

1	
----------	--

2	
----------	--

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 11

$$y + 6 = 15$$

Vraag 11: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wat is die waarde van **y** in die volgende?

$$y + 6 = 15$$

(Skryf slegs die getal)

Vraag 12: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

Voltooi die volgende reeks:

99 895 ; 99 945 ; 99 995 ; (1) ; (2)

Opsies Is: 100 145 | 100 045 | 100 195 | 100 095

1	
----------	----------------------

2	
----------	----------------------

Vraag 13: Skryf Jou Antwoord


3 punte

Die lengte van 'n lyn moet met 11, 7mm vanaf 32, 9mm vermeerder word.

Die lyn is nou . . . mm lank.

[Tik slegs die getal.]

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 14



Vraag 14: Voltooi Die Ontbrekende

4 punte

'n Kubus het (1) rante en (2) hoekpunte.

Opsies Is: 12 | 11 | 9 | 10 | 8

1	
---	--

2	
---	--

Vraag 15: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Daar is ... regte hoeke in $1\frac{3}{4}$ omwenteling.

(Tik slegs die getal)

--

Vraag 16: Veelvuldige Keuse

4 punte

Die minuutwyser op 'n analooghorlosie sal deur ... regte hoeke in $1\frac{3}{4}$ uur draai.

A	4
B	7
C	6
D	5

Vraag 17: Veelvuldige Keuse

4 punte

'n Vrou verdien R2 400 per maand.

Sy spaar $\frac{1}{8}$ van haar salaris elke maand.

Hoeveel spaargeld sal daar na 6 maande wees?

- | | |
|----------|--------|
| A | R900 |
| B | R1 600 |
| C | R1 800 |
| D | R300 |

Vraag 18: Veelvuldige Keuse

4 punte

$$2\frac{5}{6} - 1\frac{2}{3} = \dots$$

- | | |
|----------|----------------|
| A | 2 |
| B | $4\frac{1}{2}$ |
| C | $1\frac{1}{6}$ |
| D | $1\frac{2}{3}$ |

Vraag 19: Skryf Jou Antwoord

3 punte

$$r - 3\,000 = 97\,285$$

$$r = \dots$$

(Tik slegs die getal)

Vraag 20: Waar/Onwaar

2 punte

Ons leef nou in die derde millennium.

WAAR**ONWAAR**

Vraag 21: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Ons kan breuke baie maklik vergelyk as hulle dieselfde ... het.

[Tik slegs die woord.]


Vraag 22: Waar/Onwaar

2 punte

$$1\frac{1}{4} + 1\frac{1}{8} = 2\frac{1}{12}$$

WAAR**ONWAAR**

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 23


**Vraag 23: Waar/Onwaar**

2 punte

'n Gelykbenige driehoek het 2 gelyke sye.

WAAR**ONWAAR**

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 24



Vraag 24: Waar/Onwaar

2 punte

Die sokkerbal is geleë by 2, 2

WAAR

ONWAAR

Vraag 25: Skryf Jou Antwoord

3 punte

25 spanne neem deel aan 'n uitklop-kompetisie.


Die wenners van elke rondte dring deur na die volgende rondte, tot die wenner van die kompetisie bepaal is.

Daar sal altesaam ... wedstryde wees.

(Tik slegs die getal)



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 26



Vraag 26: Waar/Onwaar

2 punte

'n Klas verkoop skyfies, lekkers en sjokolade oor die verloop van 3 weke.

Hulle verkoop R270 se waarde van skyfies oor 3 weke.

WAAR

ONWAAR

Vraag 27: Waar/Onwaar

2 punte


'n Boer het 55 skape en 20 bokke.

$\frac{20}{55}$ van hierdie diere is bokke.

WAAR

ONWAAR

Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 28



Vraag 28: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Driehoek A het ... lyne van simmetrie.

Gee jou antwoord as slegs 'n getal.

Vraag 29: Waar/Onwaar

2 punte

Jy benodig 'n aantal stukkies tou, van 27,5cm elk, om krale in te ryg vir 'n halssnoer.

Jy kan 21 stukkies uit 'n 5 834mm lange stuk tou sny.

WAAR

ONWAAR



Hierdie prent verwys na die volgende vrae: 30

$$w - 41 = 57$$

Vraag 30: Skryf Jou Antwoord

3 punte

Wat is die waarde van **w** in die volgende?

$$w - 41 = 57$$

(Skryf slegs die getal)

Vraag 31: Veelvuldige Keuse

4 punte

386 appels moet in houters, wat elk 18 appels kan hou, verpak word.

Daar kan ... houters gevul word.

- | | |
|----------|----|
| A | 19 |
| B | 20 |
| C | 21 |
| D | 22 |

Totaal: 101 Punte